[4] Meyerspark Bybelstudie – Stap saam deur die Psalms: Psalm 3

Psalm 3: Die vertrouende gebed van ’n vervolgde, maar oorwinnende, gelowige

'n Môrelied.

[1] 'n Psalm van Dawid toe hy gevlug het vir sy seun Absalom.

[2] O **Here**, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op. [3] Baie sê van my: Daar is geen heil vir hom by God nie. Sela.	Vyande
[4] Maar U, **Here**, is 'n skild wat my beskut, my eer en die Een wat my hoof ophef. [5] Luid roep ek die **Here** aan, en Hy verhoor my van sy heilige berg af. Sela.	Vertroue
[6] Ek het gaan lê en aan die slaap geraak; ek het wakker geword, want die **Here** ondersteun my. [7] Ek sal nie vrees vir tienduisende van mense wat rondom teen my gereed staan nie.	Vertroue
[8] Staan op, **Here**; verlos my, my God! Want U het al my vyande op die kakebeen geslaan; U het die tande van die goddelose stukkend gebreek. [9] Die heil behoort aan die **Here**; laat u seën wees oor u volk! Sela.	Gebed/vertroue

Psalm 3 is die eerste gebed in die Psalms en die eerste psalm wat aan Dawid toegeskryf is (3:1). Volgens die opskrif moet ons dit lees as ’n gebed van Dawid tydens sy vlug uit Jerusalem toe Absalom (en ’n aansienlike deel van sy eie mense) sy lewe bedreig het. Die digter vra hulp by die Here, maar doen dan juis wat Ps 2:12 aanbeveel: Hy soek toevlug by die Here. Ons kan die psalm in twee hoofdele opdeel. Elke hoofdeel of stansa het weer twee onderdele (strofes). Elke stansa gebruik die eienaam van God, “Here,” drie keer en die woord God een keer. Elke hoofdeel verwys na die oormag van die teenstanders, maar bevat ook ’n verklaring van vertroue. Die Here beskerm die bidder soos ’n skild (3:4), maar val die vyande ook aan soos ’n soldaat (3:8). Die valse verklaring van die vyand *dat daar geen **redding** by die Here vir die bidder is nie* (3:3) word stilgemaak wanneer hulle op die kakebeen en tande (wat ’n mens nodig het om te praat) geslaan word (3:8). Al **staan** daar baie teen die bidder **op** (3:2), vertrou hy dat die Here vir hom sal **opstaan** en verklaar hy dat daar *wel **redding** by die Here is* (3:9). Psalms 3-7 is deur die redakteurs as ’n eenheid saamgebind, maar ook Psalms 3-14 is saamgegroepeer as ’n eenheid. Later meer daaroor.

1. Lees die volgende verse uit 2 Samuel en noem die redes waarom Ps 3 by daardie deel van Dawid se geskiedenis pas: 2 Sam 15:12; 16:8; 17:1-2; 18:7-8.

2. “Die aanval teen die psalmdigter is nie net met wapens nie.” Verduidelik hierdie stelling met verwysing na 3:3.

3. Die digter vertrou dat die Here hom sal beskerm. Op watter maniere sal die Here ingryp volgens vers 4 en 5?

4. Op watter manier gryp vers 5 terug na die beloftes van Psalm 2?

5. Die vyande van die bidder word in vers 8 “goddeloses” genoem. Tot watter groep behoort die bidder dan? Vgl. Ps 1:5-6.

6. Som in ’n paar woorde die boodskap van Psalm 3 vir ons as gelowiges op.